GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 25/2021 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 17 September 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

"Ons mag vry wees om te kies, maar ons is nie vry om die GEVOLGE van ons keuses te kies nie", William James.

"'n Vurk in die pad het twee weë gebaan. Ek het die een gevolg met die minste spore, en dit het die verskil gemaak", Robert Frost.

Ek wens só dat die tweede spreuk op my van toepassing kon wees, maar néé, wanneer jy jonk is, weet jy mos gewoonlik die beste!

Seuns en dogters, 'n Afrika spreekwoord sê dat 'n kind soos 'n byl is, al kan hy jou seermaak, dra jy hom steeds op jou skouer. Vir ons is dit net 'n voorreg om tussen julle te wees, julle te onderrig, julle hartseer en ook julle blydskap te beleef. Dankie vir julle vriendelikheid, dankie vir julle meelewing in die skool, julle aanvaarding van ons huidige omstandighede. Toegewings vind stelselmatig plaas, hou steeds baie getrou by die reëls, dit is tot ons elkeen se voordeel.

Ouers, julle word herinner aan die begrotingsvergadering op 23 September om 13:00 in die konferensielokaal waar die skool- en koshuisbegroting vir 2022 goedgekeur moet word.

Ouers, maak elke dag seker dat julle weet watter vak julle kinders skryf, maak seker dat julle sal onthou om na afloop van die toets van die graad 8 – 11 of eksamen van die graad 12's, navraag te doen oor hoe dit met hulle gegaan het. Opregte belangstelling is vir ons kinders belangrik.

Kinders, vra julle gereeld aan julle ouers hoe hulle werksdag was, watter uitdagings hulle gehad het of wat vir hulle vir die volgende dag voorlê? Elke tyd wat julle aan julle akademie afstaan, is 'n belegging vir die toekoms. Doen dit met oorgawe.

Wanneer ons op die klein dinge in die lewe fokus, het die groot dinge 'n geneigdheid om vanself in plek te val. Ons kon Maandag met ons seuns en meisies afsonderlik 'n gesprek voer. U as ouers is welkom om julle kinders uit te vra oor hierdie gesprekke. Ons verwag van ons kinders om gehoor hieraan te gee. Dis 'n belegging in julle toekoms. Ons gun vir julle die beste, daarom ons moeite om julle toe te rus met basiese opvoedkundige beginsels.

Dankie is 'n woord wat ons nooit te veel kan gebruik nie. Nataniël het hieroor iets te sê. Indien jy dit moeilik vind om dankie te sê, kry vir jou 'n hond en noem hom Dankie, jy sal dan gewoond daaraan raak om dankie te sê. Dankie vir so baie leerlinge en ouers wat oor die kleinste dinge dankie sê. Almal van ons het nodig om die woord **dankie** van iewers te hoor.

Volgende naweek is 'n langnaweek. Dis nie 'n tuisnaweek nie, maar daar sal Donderdag 'n bus na Beaufort-Wes ry. Die skool sluit Vrydag 1 Oktober vir die vakansie en begin weer op Maandag 11 Oktober.

Ons matrieks woon die skool by tot 19 Oktober waarna hulle finaal begin voorberei vir die finale eksamen.

Geniet julle naweek.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Saterdag 18 September:

Sondag 19 September:

Maandag 20 September: Dag 2

Dinsdag 21 September: Dag 3

Woensdag 22 September: Dag 4

Donderdag 23 September: Dag 5
Begrotingsvergadering met ouers: Goedkeuring van skool- en koshuisgelde: 13:00 in konferensielokaal

Vrydag 24 September: Dag 6
Me. E. Niehaus verjaar
Me. A. van Wyk verjaar
Erfenisdag/Publieke vakansiedag

Saterdag 25 September:
Me. S. Botha verjaar

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die week verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

17 September: Marius Griebenow
Jean Conradie
18 September: Natalie Gabriël
Hannah Schmitt
Aiden Viljoen
Ayden Winster
Morné Otto
19 September: Christelle Visagie
Marné de Wit
Heinrich Schoeman
Marike Steyl
20 September: Tristan Conway
Tiaan Griebenow
Abi Theron
Stian Steyn

3. SKOOL- EN KOSHUISSNOEPIE

Indien daar enige iemand is wat belangstel om in 2022 die bestuur van die skool- en/of koshuissnoepie oor te neem, moet u voor/op Donderdag 15 Oktober 2021 'n voorlegging by mev. Laubscher inhandig.

4. AKADEMIA BEMARKINGSVIDEO

Daar is 'n Akademia Bemarkingsvideo op die D6-Kommunikeerder gelaai. Gaan loer gerus en druk op die skakel vir meer inligting oor Akademia.

5. UITSLAE

LANDLOOP

Chanell Bester D o/14 en Tyron-Lee Andries S o/17 is gekies vir die SWD-landloopspan. Tyron-Lee Andries neem op 18 September 2021 in Amanzimtoti, Kwazulu-Natal, aan die SA-landloopkampioenskap deel. Baie sterkte!

MUURBAL

Wian Espach neem van 24 – 26 September 2021 deel aan 'n interprovinsiale muurbaltoernooi in Johannesburg, as lid van die SA-plattelandspan. Baie sterkte!